

6 Mei

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-8**  
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:3**

**“Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe”**

Het jy met belydenis van geloof die doel met jou lewe as Christen bereik? Paulus skryf aan die Tessalonisense dat hy graag wil aanvul wat aan hulle geloof ontbreek (1 Tess. 3:10). Hy spoor hulle aan om hulle nog meer daarop toe te lê om hulle lewe volgens God se wil in te rig (1 Tess. 4:1). Dus: die kind van die Here kan nooit sê: “Ek het die doel met my lewe as Christen bereik” nie.

*Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe* (1 Tess. 4:3a). Deur Jesus Christus en die Heilige Gees het God ons geheilig; ons syne gemaak; ons eenkant gesit vir Hom. Hierdie werklikheid moet in ons lewe in al sy fasette na vore kom.

Volgens Calvyn sê God van elke duimbreedte van hierdie werklikheid: “Dit is myne!” Dit blyk ook uit die *konteks* van die praktiese riglyne vir ’n heilige lewe: *Weerhou julle van onsedelikheid* (1 Tess. 4:3). Om heilig te lewe, beteken om ons seksualiteit uit te leef soos die Here God van ons verwag. Die riglyne raak baie prakties:

- Weerhou jou van seksuele sondes – elke praktyk en gesindheid op seksuele terrein moet klop met wat God wil (1 Tess. 4:3).
- Die soek van ’n huweliksmaat, sowel as jou verhouding met jou huweliksmaat, moet heilig en eerbaar wees – jy moet die verantwoordelikheid wat die liefde op jou lê, nakom (1 Tess. 4:4, 5).
- Jy mag niemand anders se huwelik bedreig nie. Die seksuele mag net na vore kom in ’n verhouding met iemand met wie jy getroud is, of kan trou (1 Tess. 4:6).

Ons hele lewe speel voor God af. Ons moet, onder leiding van die Heilige Gees, heilig leef; leef as mense wat vir God afgesonder is.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging ’95)*